SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE **SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS**

KENNISGEWING MET INLIGTING OOR DIE VERTROULIKHEID VAN EN HANTERING VAN UITSLAG VAN MIV-TOETS

Artikel 33(1)(e) van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007)
(Wet No. 32 van 2007)

Nota:

(1) Die Kennisgewing moet oorhandig word aan —

(a) die slagoffer of belanghebbende persoon wat namens die slagoffer optree en wat aansoek gedoen het dat die beweerde oortreder vir MIV getoets word; en

(b) die beweerde oortreder wat vir MIV getoets is.

(2) Die doel van die Kennisgewing is om die partye vermeld in (1) hierbo, van inligting te voorsien oor die vertroulikheid en oor hoe om die inligting oor die uitslag van 'n verpligte MIV-toets te hanteer.

Hoe sal ek ingelig word van die MIV-toets uitslag van die beweerde oortreder?
Die uitslae van die MIV-toets van die beweerde oortreder sal in 'n verseëlde koevert, gemerk as "Confidential/ Vertroulik", aan u beskikbaar gestel word.

Wat sal die verseëlde koevert bevat?
Die verseëlde koevert sal 'n dokument bevat wat voltooi is deur 'n persoon verbonde aan die gesondheidsinstelling wat die MIV-toets op die bloedmonsters van die beweerde oortreder uitgevoer het. Die vorm sal verklaar of die beweerde oortreder die volgende getoets het:

- positief vir MIV; of
- negatief vir MIV.

Indien ek die slagoffer is, kan ek die MIV-status van die beweerde oortreder aan ander persone openbaar?
U mag die MIV-toetsuitslae nie op 'n kwaadwillige of grof nalatige wyse bekend maak aan enige persoon anders anders as die beweerde oortreder, die ondersoekbeampte en die staatsaanklaer of enige ander persoon wat van die toetsuitslae kennis moet neem vir doeleindes van siviele verrigtinge of 'n hofbevel.

Wat moet ek met die uitslag van die MIV-toets doen?
U moet bystand van 'n kundige kry om die implikasies van die uitslag te verstaan en hoe om die uitslag te hanteer, ongeag of die toetsuitslag positief of negatief is. Kundige bystand sal u help om —

- die toetsuitslag te verstaan;
- die onmiddellike emosionele reaksies en bekommernisse te hanteer;
- te verstaan hoe die uitslag u gesondheid en die gesondheid van ander (soos u seksmaat) gaan beïnvloed;
- die behoefte aan sosiale en mediese sorg te bepaal; en
- die behoefte om die toetsuitslag aan ander bekend te maak, te bespreek.

Diensorganisasies wat berading en ondersteuning kan verskaf

Daar is verskeie private en openbare instellings wat u kan help om die implikasies van die MIV-toetsuitslae te hanteer. Sommige van hierdie dienste is gratis, terwyl ander betaling van ‘n fooi mag vereis. Dit sluit in:

- Privaat mediese en maatskaplike fasiliteite (bv. ‘n algemene mediese praktisyn of sielkundige).
- Openbare mediese en maatskaplike instellings, met inbegrip van —
  - Life Line
  - Child Line
  - Kinderbeskermingsorganisasies
  - Plaaslike Staatshospitale en Klinieke
  - Rape Crisis
  - FAMSA
  - Departemente van Maatskaplike Ontwikkeling
  - Plaaslike VIGS diensorganisasies

Die kontakbesonderhede van bovermelde diensverskaffers is in die telefoongids en by die ondersoekbeampte beskikbaar.

Indien u, nadat u die Kennisgewing gelees het, iets nie verstaan nie, kan u die ondersoekbeampte, een van die diensverskaffers wat hierbo vermeld is, of ‘n maatskaplike werker van die Departement van Korrektiewe Dienste kontak vir bystand.